Oordenking
21 April 2010

Sonde kan jou nie veroordeel nie.

Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. (Rom 8:3)

Sonde kan ons nie meer veroordeel nie. God het met die sonde afgereken. Daar is geen oordeel meer as ons in Christus Jesus is nie, want Christus oordeel sonde, nie sondaars nie. Christus se werk aan die kruis het met sonde afgereken. Die straf is gedra. Ons is vrygemaak van straf deur sy dood. God het gedoen wat ons nie kon doen nie en God het gedoen wat die Wet nie kon doen nie.

Die Wet van God was bedoel om ons te help om goeie, regverdige mense te wees. Die Wet was nie te swak om ons te help nie, maar ons was te swak om deur die Wet gehelp te word. Die Wet was nie by magte om ons te help nie, omdat ons te swak was om die Wet te onderhou. Die Wet van God bly altyd 'n norm vir 'n goeie regverdige lewe, maar die Wet het gefaal, omdat ons gefaal het om die Wet te onderhou.

Jesus is oorwinnaar oor sonde. Hy het 'n sondelose lewe gelei. Maar sy sondeloosheid was nie genoeg om ons vry te maak nie. Sonder sy offerdood aan die kruis kon ons nie die lewe ontvang nie. Sonder Jesus sou God nie met die sonde afgereken het nie, maar met die sondaar. Maar Jesus is vir ons veroordeel. Omdat Hy vir ons sonde veroordeel is, kan ons vry wees.

Dis wonderlike goeie nuus. Jesus het nie net die straf gedra vir elke sonde wat ons al gepleeg het nie, maar ook vir elke sonde wat ons nog gaan doen – ooit sal doen. Jesus het aan die kruis die sonde van die mensdom gedra. Die straf is klaar gedra en ons ontvang 'n lewe in vryheid as ons dit aanvaar en deur die Heilige Gees gelei word.

God eis dat ons lewe met Hom reg moet wees, maar Hy veroordeel nie vir ons nie. As ek met my sonde na God toe gaan, oordeel en verwerp Hy my nie oor my sonde nie. Hy reken met die sonde af, nie met my nie. God word nie vir my kwaad as ek val nie, want ek leer nog hoe om vir Hom te lewe. Niemand is volmaak nie. Maar daar is geen verwerping nie, want God se liefde is nie op ons prestasies gegrond nie.

Die grootste fout wat ons kan maak is om vir die Here te vra – 'As ek verander, sal U my liefhê?' Die Here se antwoord hierop is: 'Jy moet nie verander sodat Ek jou kan liefhê nie, maar omdat Ek jou liefhet, gaan Ek jou verander.' God se liefde is so groot, dat Hy my verander in die die mens wat Hy wil hê dat ek moet wees.
Onthou, sonde kan jou nie meer veroordeel nie. God het in Jesus met die sonde afgereken.